

11 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 10

Fokusgedeelte: Psalm 10:16-18

Vestig u oë op Jesus Christus, die Koning

Staan u ook soms verbaas oor die dinge wat u sien of hoor, die skynbare onstuitbaarheid van goddelose mense? Laat dit u roep: "Here, waar is U?"

Die digter van Psalm 10 sien en beleef die vyandige optredes van mense. Hulle skynbare voorspoed en onstuitbaarheid laat hom verbaas, eensaam en wanhopig. Hy soek God, maar sy oë is gerig op die goddelose.

God rig die digter se oë op na Hom. Hy aanskou God se trou, almag en heerlikheid. Hy sien versterkte gelowiges en verslaande goddeloses. Hy sien die totale heerskappy van God. Hy sien hoe God in sy trou sy volk aanhoor, versterk en vrede gee. Hy sien God regeer en in sy toorn die goddelose op 'n selfvernietigende weg laat gaan. Die gevoel van magteloosheid verander na lofprysing en verheerliking.

Sien is glo, is 'n bekende uitdrukking. Die dinge wat ons sien, oorheers dikwels ons optredes, besluite, emosies en ons verhouding met God. Die dinge wat ons sien, is nie altyd die waarheid nie. Mense kan baie gelukkig en voorspoedig lyk, maar hulle harte is bloeiend, seer en leeg.

Ons moet voortdurend bid dat God ons "verligte oë van die verstand" (Ef 1:20) sal gee. Dat ons oë gerig sal wees op Jesus Christus, ons Koning en Oorwinnaar en nie op die vloekende massas aan die voet van die kruis nie.

Vestig u oë deur die geloof op Jesus Christus, die Koning! Geloof is immers 'n "vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb 11:1).

Sing: Psalm 10:9, 10 (1936-beryming)

Ds HL Stavast (Bronkhorstspuit)